4 Oktober 2010

Broeder/Suster in Christus

BYDRAE VORMS VIR 2011

Dit is gebruiklik dat die Kerkraad in die laaste kwartaal van ‘n jaar lidmate vra om deur middel van ‘n bydrae-vorm ‘n aanduiding te gee van die finansiële ondersteuning wat ons in die komende jaar kan verwag. Hierdie inligting is belangrik om die gemeente se begroting vir die komende jaar op te stel en aktiwiteite binne die raamwerk hiervan te beplan.

Ingesluit by hierdie skrywe vind u ‘n bydrae-vorm. U word gevra om dit **deeglik te bestudeer en te voltooi**. Selfs al sien u nie kans om by te dra nie, sal dit waardeer word as u dit so aantoon op die vorm. Die vorm word in duplikaat verskaf sodat u 'n kopie vir eie rekords kan bewaar. Die vorms kan ook elektronies vanaf die kerkkantoor of u ouderling aangevra word of afgelaai word van die kerk se webwerf www.gkbo.org.za

U ouderling sal **tydens die eerskomende huisbesoek hierdie vorms insamel**. U het die geleentheid om tydens die huisbesoek ook die saak van bydraes en beloftes te bespreek.

Bydrae-vorms kan ook Sondae in die **kollekte-sakkies** geplaas word in ‘n koevert gemerk “Bydrae-vorm”. Verseker dat u naam en lidmaatnommer op vorm verskyn.

Die kerkraad wil lidmate wat nie tans per **debietorder** betaal, aanmoedig om dit te oorweeg. Hierdie wyse van betaling verlig die werk van ons administratiewe kantoor en skakel baie risiko’s uit wat gepaardgaan met kontant en tjek hantering. Verwys na die bydrae-vorm in hierdie verband.

Die maandelikse uitgawes en skuldverpligtinge van ons gemeente is tans meer as ons gereelde vaste maandelikse inkomste. Ons is gevolglik tans aangewys op fondsinsamelings en spesiale skenkings om ons boeke te laat klop. Daar is steeds 'n groot verbandlening verskuldig op ons gemeentesentrum.

Ons moet verder in die komende 3 jaar waarskynlik die kerkeiendom se dak vervang waarvoor ons nou reeds moet begin voorsiening maak.

In die lig van bogenoemde wil die Finansiële komitee 'n riglyn van 'n **10% verhoging** in huidige bydraevlakke voorstel vir 2011. Ons besef dat die huidige ekonomiese klimaat dit vir sekere lidmate moeilik sal maak. Ons vertrou dat daar aan die ander kant weer lidmate sal wees wat in dankbaarheid self meer as hierdie riglyn sal kan bydra.

Ons sukkel jaarliks om meer as 60% van hierdie vorms terug te ontvang. Dit bemoeilik ons begrotingsproses en ons wil hierdie jaar probeer om ten minste 75% terug te ontvang. U samewerking in hierdie verband sal hoog op prys gestel word.

Seënwense

JAN VAN MILLIGEN
Voorsitter Finansiële Komitee